

MASIPALA WASE THEEWATERSKLOOF MUNICIPALITY
MUNISIPALITEIT

Munisipale Kantoor/Municipal Office
Pleinstraat/Plein Street
CALEDON
7230



Posbus/P.O. Box 24, Caledon, 7230
Tel: 028 – 214 3300
Faks/Fax: 028 – 214 1289
E-Pos/E-Mail: twkmun@twk.org.za

HOOFKANTOOR/HEAD OFFICE

AANSOEK OM HUISWINKEL TE BEDRYF

**AANSOEK IN TERME VAN DIE GOEDGEKEURDE HUISWINKEL BELEID VAN
THEEWATERSKLOOF MUNISIPALITEIT
24 APRIL 2012**

AFDELING A

Indiening van Aansoek

- Die aansoek, tesame met al die nodige dokumente, moet ingedien word by die plaaslike owerheid in wie se regsgebied die grondeenheid geleë is.

Die aansoek sal as volledig beskou word as die volgende dokumente saam met die aansoekvorm ingedien word

- Motivering verslag (insluitende 'n deeglike aanduiding en beskrywing van die produkte wat verkoop sal word, en handel ure vir die week en naweek.)
- Bure se toestemming
- Ligginsplan
- Uitleg plan
- Titel Akte (bewys van eienaarskap)

Belangrik

- Aansoekfooie : R250.00, kleiner as 10m²
: R500.00, groter as 25m²
- Indien die aansoek nie volledig is nie, sal 'n kennisgewing aan die aansoeker gestuur word wat meld dat die aansoek nie verwerk sal word totdat alle uitstaande dokumentasie ontvang is nie. Indien die uitstaande dokumentasie nie binne **30 dae** hierdie kantoor beriek nie, sal 'n finale kennisgewing gestuur word aan die aansoeker om hom / haar in te lig dat die aansoek as gesluit beskou word.

ALGEMENE OPMERKINGS

- (a) Tensy die aansoeker anders versoek, sal alle korrespondensie in verband met hierdie aansoek te wees in die taal waarin die aansoekvorm voltooi is.
- (b) Indien 'n aansoek goedkeuring vereis in terme van die verskillende tipes wetgewing en twee of meer van die aansoeke moet geadverteer word, moet die aansoeker die stadsklerk, sekretaris of uitvoerende beamppte dienooreenkomstig inlig, sodat alle aansoeke gelyktydig geadverteer en oorweeg kan word.
- (c) Aansoekers moet daarop let dat tot tyd en wyl 'n aansoek skriftelik goedgekeur is, enige korrespondensie of gesprekke met betrekking tot die aansoek nie as 'n aanduiding moet beskou word dat die aansoek goedgekeur sal word nie en bind ook nie die Administrateur of plaaslike owerheid op enige manier nie.
- (d) Die Raad behou die reg om 'n goedkeuring nul en gener waarde te verklaar indien dit gegrond is op verkeerde inligting verskaf deur 'n aansoeker. Aansoekers moet dus verseker dat alle inligting oor die beperkende faktore wat die aansoek kan beïnvloed, voorsien moet word.

1. MOTIVERINGSVERSLAG

'n Omvattende uiteensetting van die wenslikheid van die voorgestelde verandering in grondgebruik moet aangeheg word. Die volgende riglyne moet gevolg word wanneer so 'n verslag opgestel word:

1.1 Wenslikheid

Die konsep van "wenslikheid" in die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning konteks, kan gedefinieer word as die graad van aanvaarbaarheid van die grond gebruik(e) op die betrokke grondeenhede. Bespreek die wenslikheid van die voorgestelde verandering van die grond gebruik met verwysing na die volgende aspekte:

1.2 The ligging en toeganklikheid van die eiendom

Bespreek die toeganklikheid van die eiendom ten opsigte van die bestaande stedelike ontwikkeling, die hoofpad netwerk, die ander infrastruktuur, sowel as die effek van bykomende verkeer, indien enige, op die omgewing.

1.3 Handelsure

Bespreek die voorgestelde handelsure vir weksdae asook die handelsure oor naweke.

1.4 **Foto's**

Indien moontlik, moet fotos van die area van toepassing ingedien word om sekere aspekte van die aansoek toe te lig.

2. **BURE SE TOESTEMMING**

'n Standaard vorm vir die bure se toestemming moet deur alle aangrensende grondeienaars, asook die grondeienaars oorkant die straat, ingevul en onderteken word. (**Sien aanhangsel A**)

Die aansoeker moet 'n geldige rede voorsien indien hy/sy onsuksesvol was om toestemming van 'n aangrensende grondeienaar te verkry. Indien 'n aanvaarbare rede voorsien is, sal 'n kennisgewing per geregistreerde pos na die aangrensende eienaar gestuur word.

3. **LIGGINGSPLAN**

'n Plan wat die ligging van die eiendom/erf aandui, asook omliggende eiendomme (op-skaal plan)

4. **UITLEG PLAN**

Alle aansoeke om 'n huiswinkel te bedryf, moet vergesel word deur een of meer op-skaal uitleg plan op die volgende skale: 1:500; 1:1 000; 1:2 000 of 1:2 500, wat die volgende aandui:

- Die skaal, ware noord, die titel "Uitleg Plan" asook 'n nommer (wysigings wat op die plan aangebring word moet daaropvolgende nommers toon)
- Bestaande geboue op die grondeenheid

AFDELING A

1. Naam en adres waarheen korrespondensie gestuur moet word:

.....
.....
.....
.....

Poskode :

Verwysingsnommer (indien enige):

Telefoon nommer: Skakel kode :

Inspeksies (Indien nodig) :

Naam : Telefoon nommer :

2. Naam van geregistreerde eienaar van eiendom

.....
.....
.....

Poskode:

Telefoon nommer : Skakel kode :

3. Beskrywing van eiendom volgens Titel Akte :

Erf-/Plaasnommer: Gedeelte :

Adres/Plaas naam:

Ligging : Die eiendom is..... km geleë (rigting)
van(naaste dorp).

Titel Akte (nommer en datum) :
(Heg afskrif van Titel Akte aan)

4. Grootte van die eiendom:

.....

5. Huidige sonering, indien alreeds bepaal :

.....

6. Dokumente aangeheg (merk met 'n x):

	JA	NEE
Motiveringsverslag		
Bure se toestemming		
Ligginsplan		
Uitleg plan		
Titel Akte		
Afskrif van munisipale rekening		

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat alle inligting wat hierdie aansoek vergesel, korrek is en dat ek die die aansoekvorm ten volle verstaan.

.....

Handtekening

.....

Datum

AFDELING B

AFSKRIF VAN DIE HUISWINKEL BELEID